

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
18 Januarie 1976

Onderwerp: Wag op die HERE

Lees: Jesaja 18 verse 1 tot 7

Teks: Jesaja 18 vers 4

Sing: Psalm 118 verse 1 en 7
Gesang 93
Psalm 42 vers 5

“Wie na die tekens van die tye kyk en reg diagnoseer, sal saamstem dat die tye wat ons tans belewe krisis tye is. Nie alleen word ons landsgrense bedreig nie, maar ook die Christendom staan in die teken van vuurproef en vervolging.

“Dit is ’n onrusbarende feit dat Kommunisme in die afgelope 50 jaar vinniger gegroei het as die Christendom in die afgelope 2000 jaar van sy bestaan.¹ Soos die golwe van ’n magtige gety is Kommunisme besig om die Westerse wêreld te oorstrom.

“Ons, hier in Suid-Afrika, beleef voorwaar ’n tyd van nood. Nie alleen het ons te doen met die bedreiging van Internasionale Kommunisme nie, maar ons het ook min steun van die kant van die Westerse wêreld. Ons nood is veral ook ’n geestelike nood, want Broers en Susters, in hierdie krisis tye is dit skokkend om te sien hoeveel van ons mense moreel en sedelik verval geraak het. Ons eie volksgenote het ’n prooi geword van die vreemde tydgees van ons dag.

“So was dit ook in die dae van Jesaja. Die volk van God was in daardie tyd ’n bedreigde volk. Vanuit die noorde het die Assiriërs die landsgrense oorgesteek en verwoes en geplunder so vêr hulle gegaan het. Damaskus moes reeds voor die aanslag swig. Noord-Israel is vertrap deur die oormag van die vyand. Dit was Ethiopië wat Israel in sy nood te hulp gesnel het. Maar ons lees die skokkende nuus - die profeet weier

¹ Die huidige algemene mening sou wees dat Kommunisme in duie gestort het. Hierteenoor beplan die *New Age* Beweging ’n toekomstige wêreldregering onder ’n herrese Kommunistiese sisteem - wat Dominee Bester se stelling weer aktueel maak.

hulle bondgenootskap en stuur die Ethiopiërs terug na hulle land.

“In ons tekshoofstuk staan die volk van God nou voor Jesaja met hulle nood. En wat is Jesaja se oplossing vir hierdie krisis situasie?

“Die antwoord is: hy het met sy vinger na die Hemel gewys. Ja, Broers en Susters, terwyl Assirië soos water op Israel se grense opgedam lê, is hierdie mense op God aangewys.

“Met hierdie handeling wil Jesaja vir sy mense sê: medelandgenote, nie in onself óf by ander nasies nie, maar by God alleen is ons enigste redding. Die God wat nooit vêr weg staan van sy skepping nie, maar intens daarmee gemoeid is en gemoeid bly.

“In die lig van hulle omstandighede op daardie tydstop, was dit ’n moeilike aanvaarbare waarheid. Die gebeure, die oorwinning van die vyand, die lyding en smart wat vele moes verduur, het die teendeel bevestig. Maar Jesaja het na God gewys en vir hulle gesê om op te kyk.

“En wat sien hulle?

“Net die blou wit siddering van stralende hitte en wasige vlieswolkies in die verte. Te midde van hul smagtende en wagtende land, net groot stilte van die hemel bo hulle.

“Dit is die teenstelling.

“Die gewoel op die aarde, teenoor ’n onaktiewe Hemel daar bo.

“En Broers en Susters is hierdie teenstelling nie meermale die verleentheid van die mens nie! So nou en dan roer die Hemel. Baie maal voel dit vir ons of ons die ingrype van God op ons een hand se vingers kan tel.

“Vestings van die Christendom word weggevee voor die aanslag van die heidendom. Rampe en ontberings tref gelowiges, ondanks bekeerde mense se kinderlike gebede.

“Die dominee preek oor God se voorsienigheid, terwyl daar talle in die kerk sit wat dit nie meer glo nie.

“En dan begin hulle praat. Praat van gebede wat nie meer verhoor word nie. Praat van onvervulde beloftes en tevergeefse hoop op God se trou.

“En hulle wil méér weet van God. Waarom hou Hy nie sy woord nie? Is die smart en lyding van hierdie wêreld sy wil? Het Hy werklik mag oor die Satan?

“Moenie ’n fout maak nie, dit is kerkmense wat hier aan die woord is. Mense wat Sondag na Sondag

saam met die dominee belydenis van hulle geloof doen, maar wat deur die bedreiging om hulle heen, deur die onverbiddelike gang van sake gekwel word deur 'n onrus oor God se afwesigheid.

“En dan deels uit ywer vir God, deels uit verleentheid en deels uit angs vir die eie groeiende onrus, is daar gelowiges wat amper ontsteld vra: O Here, waarom staan U so vêr weg en waarom bly U in hierdie krisis verborge? Slaap U dan? Is U die rustende God, die afsydige, die swygende? Gee ons 'n teken. Net een duidelike teken. Soos 'n harde donderstem uit die hemel, óf 'n verskyning van die engel Gabriël.

“En al wat volg is - stilte.

“Daar is net die kwyning, onherbergsaamheid, sielsverlatenheid en pyn. Die aftakeling, die chaos, die ineenstorting, die dominee wat preek en die beloftes. Dis al.

“Net maar die vlieswolkies, die lug en die son vir die moderne mens en die onrus van die wankelmoediges onder ons.

“Nou begin Jesaja praat, maar dan nie van roerloosheid nie. As ons weer na ons teks kyk, sien ons die teendeel: ‘Ek wag rustig en aanskou uit my woonplek...’ (Jes 18:4)

“‘Ek wag’ - dit spreek van 'n aksie van inhouding van God se kant. Die ‘aanskou’ - spreek van intensiewe opmerkzaamheid en gerigtheid. Die Dogmatiek praat van die HERE se toelating. En dit is wat hier geopenbaar word. In die HERE se mag en aanskoue lê sy heerskappy. Deur die HERE se wag en aanskoue bestuur Hy alle dinge.

“Hierdie wag en aanskoue van God is nie afwesigheid nie. Nee, dit werk soos die strale van die son. Dit laat groei, óf dit laat verdor. Die skynbare swye van God is dus niks anders nie as 'n aktiewe stilte wat rypmaak. Rypmaak vir 'n oes van vreugde, óf oordeel. Die vers onmiddelik na ons teks sê dan ook: as alles ryp is, sal God ingryp. Daarom sny Hy die ranke weg en kap Hy die nie-vrugdraende lote af. Dan sal Hy Assirië se mag verbreek en die eer van sy volk handhaaf.

“Die boodskap van ons teks is dan dit: God is aanwesig, al lyk dit of Hy afsydig staan teenoor die aardse woelinge. God se aanwesigheid is 'n werkende energie wat alles rypmaak vir verlossing en oordeel. As Hy alles ryp laat word het deur sy rustige inwerking en toelating, kom die tyd van sy magtige ingryping.

“Broers en Susters, hierdie woord bring kalmte. Hoe heerlik om te weet dat daar ’n kalm hand is wat alles regeer. Daar is niks wat sy planne kan verwar nie. In hierdie handpalm is my naam geskrywe. Broers en Susters, aanvaar hierdie waarheid vanmôre en vrede en berusting sal u deel word. Hy sê: ‘Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.’ (Mat 11:28) Petrus sê: ‘Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle.’ (2 Petr 5:7)

“Dit is ook ’n woord van insig, want nou verstaan ons iets van God se werksmetode. Hy werk volgens die plan van vertraging.

“In die heilsgeskiedenis sien ons dit só. Eeue van worstel tot by Jesus van Golgota. Dan is alles volbring.

“In die wêreldgeskiedenis is dit só. Eers word die maat van ongeregtigheid vol, dan gebeur daar iets.

“In ons persoonlike geskiedenis werk dit só. Dat die spanning ’n klimaks bereik en die beproewing meermale tot ’n uiterste gaan en ons aan die einde van ons vermoëns kom. Dan eers gryp God in.

“Hy aanskou alles rustig vanuit sy woning. Ons teks vir vanmôre sê vir ons: ons moet leer om op God te wag en ons horlosies in te stel op sy Goddelike uurwerk. Hy wat ons sekondes, dae maak en ons dae, maande.

“Ons is te veel ingestel op sy ingrype, in plaas van om te wag. God se tyd is nog nie vol nie. Elke geslag moet nog saamdra aan die wêreldweë weens die sondevloek.

“Die swygende Hemel en sy los vlieswolkies sal swart word van die onweer. Ons wêreld sal dié dag belewe dat die broeiende hitte van die HERE se mag ’n storm sal verwek.

“Daar sal ’n dag kom dat die HERE sal afstap uit die hoogte en die oordeel sal soos ’n sterrereën die ongeregtighede verpletter.

“Maar sy genadige ingrype kom ook op die HERE se tyd vir sy volk. Vir hulle wat die hitte moet verduur; vir elkeen wat verwelk in die brand van die son. Op God se tyd sal die vlieswolkies saamsmelt om ’n skadu te werp en sal daar op die vermoeide ’n sagte najaarsreën van die HERE se seën neerdaal. Ja, op die beproefde, op sy kind wat so gehoorsaam gewag het.

“Dit is die Godswoord van Jesaja 18 vers 4.

“As u vanmôre kweiling en hartseer het oor ’n kind wat die huis moet verlaat; óf vir ’n seun wat opgeroep is vir militêre diensplig; óf as daar enige ander skadu

oor u lewe hier aan die begin van 1976 hang; óf as die jare u eensaam gelaat het en u lewenshorison gekrimp het - kyk op na die Hemel! Sien God in sy rustige verhewendheid, sy aktiewe inwerking en sy rypmakende energie.

“En as u God só aanskou, Broers en Susters, sal u vanmôre kan sê:

“Ek sal alles wat my kwel aan die HERE se voete kom lê. As dit nag word, sal ek nog daar staan met die flinkerende vlammetjie van my geloof in God en ek sal wag. Ek sal wag op hierdie God soos wagtters op die more. En só al wagtende, sal u ervaar dat die woorde van die HERE waarheid word: ‘... die wat op die HERE wag, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos die arende ...’ (Jes 40:31)

“Amen.”

“As die HERE die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou; as die HERE die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter.’ (Ps 127:1)

”Genade vir u en vrede van God, onse Vader, en die Here Jesus Christus, deur die werking van die Heilige Gees.

“Amen”